Literati

Inhoud

Bl. 1 Respek vir ‘n boom se storie
Bl. 2 Krisante en bonsai
Bl. 2 SABA-mini konvensie
Bl. 3 Vergadering
Bl. 3 Radical makeover
Bl. 4 Trees of the year
Bl. 5 Fotobronne

Respek vir ‘n boom se storie

Ons leef in ‘n era waarin mense dink alle antwoorde is ‘n klik ver op Google te kry en in bonsai is dit nie anders nie. En tog is daar in hierdie era van kitskos en antwoorde iets wat ontbreek en selde die volle storie vertel.

Daar is soveel bonsaiers – professioneel en amateurs – wat ‘n boom binne sekondes opsom en kan sê waarom hulle nie van ‘n boom hou nie. Dink maar net aan die debat ná elke skou waar mense oor wenners en verloorders verskil.

Onlangs het ‘n ander beoordelaar en ek drasties verskil oor wat vir my ‘n pragtige bonsai is en waaarin hy ‘n klomp foute gesien het. Toe ek aan hom die geskiedenis van die boom, die bak se herkoms en die toekomstige ontwikkeling uitgewys het, het hy stil geword, maar steeds gesê hy hou nie van die boom nie. So is dit. Maar dit het my aan die dink gesit.

‘n Bonsai het ‘n geskiedenis en ‘n toekoms en almal het ‘n verskillende manier om ‘n boom te beoordeel. Dis goed en wel en is iets wat oor jare ontwikkel en afhang van kultuur, persoonlikheid, smaak en hoeveel waardering ‘n mens het vir ‘n kuns wat beslis nie maklik is nie.

Bill Valavanis het onlangs op sy blog ‘n baie goeie stuk oor dieselfde vraagstuk geskryf waarin hy sê hoewel bonsai ‘n visuele kuns is, daar meer daaraan is as wat die oog sien. “Natuurlik is die skoonheid van ‘n bonsai van die opperste belang soos deur die stam, takke, silhoeët, bak, seisoen, ouderdom of jeugdigheid en die algehele visuele impak bepaal word.

“Dit is egter belangrik om ander faktore in ag te neem wat nie onmiddellik sigbaar is vir diegene met beperkte ondervinding en blootstelling aan die kuns nie. Die meeste het nie die agtergrond om die verskuilde skoonheid in die bonsai ten volle te verstaan

nie. Dit is belangrik om die boom te respekteer, vir die bak en vir die geskiedenis van die bonsai," skryf hy.

"Respek is nie gewoonlik 'n oorweging wanneer die eerste keer na 'n bonsai gekyk word nie, maar kom later wanneer die boom werklik bestudeer word. Dit dra geweldig by tot die waardering van die bonsaikuns. In Japan is die geskiedenis van die bonsai baie belangrik en diep gerespekteer. Aspekte sluit in die oorsprong van die boom, hoe dit gegroei is, waar dit gegroei het, wie dit ontwerp het, wie 'n meegaande bak uitgesoek het, wie dit geskou het en die eienaars.

"Hierdie is aspekte wat nie vinnig ooglopend is vir diegene met beperkte blootstelling aan bonsai en die kennis het nie. Ongelukkig is dit - soos met die ontwikkeling van bonsai – betekenisvol dat tyd nodig is om 'n boom ten volle te waardeer en te respekteer."

Dit is dus goed om kits-antwoorde op Google te soek. Jy kan selfs so 'n goeie bonsai so ontwikkel en baie kennis opdoen. Jy kan selfs al die instruksies volg soos hulle doen met "paint by numbers". Ons moet egter leer om 'n boom en sy geskiedenis te respekteer. Dis net so met mense. Dis maklik om te sê 'n bejaarde is nie vir jou mooi nie en trek regtig nie goed aan nie. Maar hoe weet jy wat daardie mens ervaar en deurgemaak het. Miskien is daardie litteken of plooi die jaarring van 'n droogte, afsterwe of groot smart.

Kyk 'n bietjie na die twee foto's van 'n boom van Becky Lucas in die bonsai-versameling van die Stellenbosch Botaniese Tuin. Dis basies foto's van hoe die boom gelyk het toe dit in die jare sewentig aan die tuin geskenk is en hoe dit vandag daar uitsien.



Pinus 1942 –photo 1991

Pinus – informal upright, styled by Becky Lucas, photo 2012, height 73 cm

Iemand sê nou die dag vir my "die boom doen niks vir my nie". Dis jammer om so iets te hoor, maar ek hoop dat hy nadat die geskiedenis aan hom verduidelik is, 'n beter begrip vir die belang daarvan het.

'n Boom met 'n geskiedenis en 'n storie moet gerespekteer word.

Krisante en bonsai

Die Krisante-vereniging het ons genader om vanaf 9 Mei saam met hulle uit te stal in die Stellenbosse stadsaal. Dit beloof om iets besonders te wees. In Japan word die twee kunsvorm dikwels saam uitgestal en sorg dit vir duisende besoekers.

Die opstelling van die skou sal van 9 Mei geskied en almal wat bome wil bydra of hand wil kom bysit, is welkom. Kom ons maak dit iets besonders.

SABA mini-konvensie

By die laaste vergadering van Oyama het Dorothy Franz 'n baie goeie praatjie oor suiseki (kunsrotse) gegee. Sy het die mooiste rotse op oorsese reise en plaaslik versamel wat sy pragtig uitstal. Sy het beloof om later vanjaar die praatjie ook by ons te kom hou.

By die SABA-minikonvensie by George van 24 – 28 September wat deur Kat Rivier Kai aangebied word, gaan daar ook geleentheid wees om na sulke rotse tee soek. Gaan kyk wat alles aangebied word by die webwerf www.katrivierkai.co.za en registreer nou.

Vergadering

By die vorige vergadering het Fritz en Sieg se praatjie en demonstrasie van Phoenix graft groot byval gevind. Daar was ‘n goeie opkoms en deelname aan die bespreking.

Daar is toe voorgestel dat ons die volgende vergadering skuif omdat dit op ‘n langnaweek val. Die meeste lede het egter daarna gestem dat die vergadering op die bestemde tyd gehou word.

Die vergadering is daarom steeds op 26 April om 0900 in die botaniese tuin op Stellenbosch. Moenie dit misloop nie. Colin gaan ons toespreek oor alternatiewe vir bedrading en soos almal weet is ons eie McGyver baie vernuftig met sy tegnieke. Alex het ook beloof om ons meer te vertel van jenewers (junipers) en waarom hulle anders as ander speesies behandel moet word.

Bring ook asseblief weer bome vir bespreking saam. Dit is waar ‘n mens die meeste leer.

Tot dan,

Willem Pretorius.

Voorsitter.

Radical makeover

By Fritz Joubert

It was about 6/7 years ago when Willem Pretorius and I accepted an invitation from the Port Elizabeth Bonsai Society to help them save some trees in the Coega industrial area outside the Friendly City. A huge number of indigenous trees were under threat from bulldozers which were going to prepare thousands of hectares for industrial development.

Not only was it quite a challenge to find suitable bonsai material among the thick coastal shrub, but it was also difficult to remove trees such as wild olive and boerboon, amongst others. Luckily our PE hosts arranged for a few helping hands from the townships to be available.

Willem and were quite satisfied when we left PE with a good collection of biggish wild olives on the Monday after the dig. Back in the Boland they were duly planted in plastic containers filled with a coarse bonsai mix. The four olives I collected soon showed very good potential. Tobie Kleynhans helped me with the design of one which I took to George during another bonsai related weekend. He even did some carving at the top which left the olive with two "horns", giving the tree the look of a small antelope.

The tree continued fairly well, but a few years ago two branches which were an essential part of the design inexplicably died. Needless to say I was disappointed. But like most bonsai growers you take the rough with the smooth and hope that things will get better. About a year ago it did look like there was going to be an improvement when a new branch developed at exactly the point where it will fit in with the design of the tree.

I allowed the branch to grow, but the overall development of the tree was so slow that I decided to put it on last year's auction at the Company's Gardens in Cape Town. There was little interest in

the tree among bidders and I eventually withdrew it from the auction when the nearest bid did not even get close to the reserve price.

Now the olive started to irritate me, almost becoming an eyesore in the garden. After I studied it over and over from all angles I decided that it was time for a makeover -- an extreme one at that. Because there was a huge gap between the lower branches and the foliage near the apex, I decided to remove the top branches altogether. This was duly done (see photograph) but it left me with a lengthy deadwood apex which was out of proportion with the rest of the tree.

But a "boer maak 'n plan" as the saying goes, and this time I shortened the trunk even more. Once again the grinder was used to create deadwood, although I admit that more work on this feature is required.

The final photograph shows what the olive looks like now, although it is difficult to detect the rear branch. All the branches need

further development to bring the olive to a stage where I might be satisfied with its development. I trust the tree is not angry with me because I am going to give it lots of TLC in an effort to improve its appearance.

Trees of the year

By Fritz Joubert

The following are South Africa's trees of the year:



* Common tree: **Lavender tree/Laventelboom** (Heteropyxis natalensis). Small deciduous to semi-deciduous tree with drooping foliage; occuring in bushveld and along forest margins in Mpumalanga and kwaZulu/Natal. Leaves narrowly elliptic, shiny dark green above, paler below; pleasantly aromatic when crushed. Flowers in branched terminal clusters. Decorative tree for small gardens.

* Rare: **White ironwood/witysterhout** (Vepris lanceolata): Small to large evergreen tree with slender erect trunk and wide, rounded crown. Occuring in forest and riverine bush in Mpumalanga, kwaZulu/Natal and Eastern Cape. Leaflets leathery, stalkless and aromatic when crushed. Wood is white, hard and strong.



This information was obtained from Field Guide to Trees of Southern Africa (Braam and Piet van Wyk). It is unlikely that these species will be obtained in nurseries in the Western Cape. It is also unknown whether they will be suitable as bonsai.



Fotobronne:

Bl. 1 commons.wikimedia.org

(Korean beech)

Bl. 2 Russ Smal

Bl. 2 Willem Pretorius(Dorothy Franz)

Bl. 3 Maureen Joubert

Bl. 4 Maureen Joubert

Bl. 4 Willem Pretorius(Finale foto)

Bl. 4 www.plantdatabase.ie (Lavender)

Bl. 4 www.fadilahjasmani.tumblr.com (White ironwood)

Bl. 4 www.panoramio.co (sign – Samango lodge)

Bl. 5 www. jantoo.com/cartoon 3653134

Remember, if your tree died, …. you killed it. They don't commit suicide. - Hec DeBrabant